Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 29 Jan 2019
Page: 16

AVE: 24170.61
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

Sunette (35) droom steeds van goud by Olimpiese Spele

Wim Pretorius

Die Olimpiese atleet Sunette Viljoen het die naweek gewys dat sy ná meer as 'n dekade steeds iemand in spiesgooi is om mee rekening te hou.

Viljoen het Saterdag in Pretoria by 'n AGN-atletiekbyeenkoms haar seisoen geopen met 'n afstand van 61,64 m, die 12de agtereenvolgende jaar waarin sy die 60 m-kerf oortref.

Hoewel die seisoen nou maar eers in sy babaskoene is en die meeste van die voorste atlete nog nie begin deelneem het nie, is Viljoen se afstand die beste ter wêreld vanjaar.

In 2018 het die Australiër Kathryn Mitchell die voorste afstand van die jaar behaal toe sy die goue medalje by die Statebondspele in haar geboorteland gewen het met 'n byeenkomsrekord van 68,92 m.

"Ek voel baie bly in my hart oor die uitslag. Ek dink dit was 'n baie goeie begin vir my gewees," het Viljoen gesê.

Die 35-jarige Viljoen en haar breier, Terseus Liebenberg, se paaie het vroeër vandeesmaand geskei en sy het haar intussen by Tuks aangesluit, waar sy vorentoe as haar eie afrigter sal optree.

"Ek is glad nie verbaas oor die afstand wat ek gegooi het nie. Ek is al sedert verlede jaar, ná die Wêreldbeker-byeenkoms, hard aan die oefen. My mikpunt was om 60 m te gooi."

Viljoen het in Julie 2018 in Londen die goue medalje by die Wêreldbekerbyeenkoms gewen met haar afstand van 61,69 m, maar 'n rugbesering het haar daarna ondergekry. Sy glo egter dié besering is nou iets van die verlede.

"Ek voel ongelooflik goed. Ek voel sterk en soos die jaar aangaan en ek byeenkomsfiks raak en meer en meer my tegniek opskerp, gaan my afstande ook verbeter.

"Dit is net baie lekker om weer terug te wees op die atletiekbaan en dit te kan doen wat ek so baie geniet. Dis my passie, dit dryf my en is waar my hart lê."

Viljoen, wat reeds in 2003 haar buiging by die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se Wêreldkampioenskap gemaak het, sê sy is steeds net so opgewonde soos tóé om haar spies op te tel.

"Ek word nooit moeg daarvoor om spies te gooi nie. Elke oggend staan ek op met hierdie absolute dryfkrag om net beter en beter te wees as die vorige seisoen."

Die voormalige Statebondkampioen sê dit motiveer haar veral dat sy 'n paar onafgehandelde sake het in dié item.

"Alles wat ek reeds bereik het, is vir my ongelooflik, maar ek het paar goed wat steeds uitstaande is: Ek wil 'n wêreld- en Olimpiese kampioen wees. Ek wil ook die wêreldrekord verbeter en dit sit agter elke dag se bloed en sweet. Ek weet waartoe ek in staat is.

"Ek sien uit na die seisoen. Ek voel lekker in my hart en lig op my voete," sê Viljoen.

■ Die spiesgooi-wêreldrekord word deur Barbora Špotáková van die Tsjeggiese Republiek gehou, wat in 2008 'n yslike afstand van 72,28 m gegooi het.

Sunette Viljoen

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.